# Dankbaar.
# Vir my Sintuie en vir my Ma!

Aanbieding vir graad 7 - bestaan uit 5 dele.
(Kan dus oor verskeie dae gedoen word.)

1. Dankbaar vir my Sintuie!
2. Woordeskat
3. Sinne met sintuie.
4. Dankbaar vir my ma – 'n Gedig.
5. Lees en bespreek "Ma" van Antjie Krog.

**1. DAG 1:**

**Sintuie : Bewusmaking van voorreg van sintuie!**
**Reuke, klanke en smake - in en om die huis.**

***In voorafgaande klas:***
*Bewusmaking van sig en gehoor.*
*Laat leerders buite klas staan en bind hulle oë toe. Laat binnegaan en op hul eie sitplekke gaan sit - geen woord mag gepraat word nie!*
*Begin verduidelik wat gaan gebeur, maar doen dit so saggies moontlik – amper onhoorbaar!*
*Vra dan na 'n rukkie, duidelik hoorbaar, om oë oop te maak en vervolg met:*

Verdeel klas in groepies van drie en gee die volgende opdrag. Bring na die volgende dag se klas:

- Eerste persoon: vyf reuke – iets waaraan ander twee kan ruik.
- Tweede persoon: vyf smake – wat ander twee kan proe.
- Derde persoon: vyf klanke – iets waarna ander twee kan luister (gebruik selfoon)

Volgende dag: Werk in groepies:
*Leerders word geblinddoek vir reuke en smake en moet dit noem, maar klanke word neergeskryf.*
*Onderwyser loop tussen groepe en doen assessering.*

**2. Woordeskat:**

- Leerders skryf interessante woorde, met Engelse vertaling, waarop afgekom
is tydens bogenoemde m.b.v. woordeboek op woordeskatbord in klas.
- Wanneer al die groepe klaar is, besluit ons as klas watter woorde in die woordeskatboek geskryf gaan word.

**3. DAG 2:**

**Sinne met sintuie.**
(Sien derde bladsy vir die werksvel.)

*As voorbereiding vir die skryf van die gedig, doen sinne waar sintuie gebruik word, maar oefen sommer terselfdertyd verlede tyd en die hulpwerkwoord.*

- **Teenwoordige tyd:**
  Voltooi eenvoudige sinne met werkwoord en selfstandige naamwoord.

- **Verlede tyd + Byvoeglike naamwoord:**

  Doen eers hersiening van die verlede tyd en die gebruik van byvoeglike naamwoord.

  *Gee dan geleentheid om die gebruik van die verlede tyd én b.nw. vas te lê.*
  Gebruik dieselfde sinne as in die linkerkantste blok, maar beskryf ook die voorwerp deur interessante byvoeglike naamwoord(e) vóór die voorwerp in te voeg (attributiewe gebruik)
  *Onthou om daarop te wys dat sommige woorde dan verander.*
  Bv. Heerlike i.p.v. heerlik, goeie i.p.v. goed ens.
  (Ons praat in die klas sommer van die '*oppas-woorde*' !)

- **Hulpwerkwoord:**
  *Gee geleentheid om die gebruik van die hulpwerkwoord vas te lê.*
  kan kon
  sal sou
  wil wou
  moet moes
  (Ons praat altyd hiervan as die '*blommetjie-woorde*'
  *Vir vaslegging: teken 'n blom met vier blaartjies waarin die woorde geskryf word!)*

4. **DAG 3:**
   Dankbaar vir my ma – 'n Gedig.
   (sien vierde bladsy)

5. **DAG 4:**
   Lees en bespreek "Ma" van Antjie Krog.
   (sien vyfde bladsy)

*Beste leser*

*Ek hoop regtig dat jy iets hiervan kan gebruik en dat dit vir jou net so lekker sal wees om dit aan te bied.*

*Nommers 4 en 5 kan natuurlik ook weggelaat word indien verkies!*

*Skakel gerus indien jy oor iets wil gesels.*

*Heréza Kotzé*

*Cannons Creek 021 5310912*

*Tel.no.tuis: 021 4477714 (saans tussen 7-9 nm.)*

| | |
|---|---|
| tong - tongue (s. nw.)<br>proe - taste (ww.)<br><br>**Teenwoordige tyd:**<br>Ek ………. met my ………….. | **Verlede tyd + Hulpww.**<br>**(Voorbeeld:)**<br>• Ek **het** heerlik**e** soet sjokolade met my tong **geproe**!<br>• Ek **kon** heerlik**e** soet sjokolade met my tong **proe**! |
| neus - nose (s. nw.)<br>ruik - smell (ww)<br><br>**Teenwoordige tyd:**<br>Ek ………. met my ………….. | **Verlede tyd + Hulpww.**<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>……………………………………. |
| oë - eyes (s. nw.)<br>sien - see (ww)<br><br>**Teenwoordige tyd:**<br>Ek ………. met my ………….. | **Verlede tyd + Hulpww.**<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>……………………………………. |
| vel - skin (s. nw.)<br>voel - feel (ww)<br><br>**Teenwoordige tyd:**<br>Ek ………. met my ………….. | **Verlede tyd + Hulpww.**<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>……………………………………. |
| ore - ears (s. nw.)<br>hoor - hear (ww)<br><br>**Teenwoordige tyd:**<br>Ek ………. met my ………….. | **Verlede tyd + Hulpww.**<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>…………………………………….<br>……………………………………. |

- **s. nw = selfstandige naamwoord (noun)**
- **ww. = werkwoord (verb)**

# <u>Gedig – Moedersdag</u>

Dink aan jou 5 sintuie.
Jy gaan dit gebruik om vir jou ma 'n gedig te skryf!

Die titel is: <u>Liewe Ma</u>

Begin elke nuwe versreël met die volgende woorde:

**Ma, wanneer ek aan jou dink, ......... ek ........**

byvoorbeeld:

*Ma, wanneer ek aan jou dink, proe ek die heerlike soet sjokoladekoek wat jy bak.*

Skryf vyf versreëls waar jy elke keer jy 'n ander sintuig noem: - *sien, hoor, voel, proe en ruik* -

Vertel dus vir jou ma waaraan sy jou alles laat dink.

## <u>Liewe Ma</u>

**Ma, wanneer ek aan jou dink, sien ek ..........**

**Ma, wanneer ek aan jou dink, hoor ek ..........**

**Ma, wanneer ek aan jou dink, voel ek ..........**

**Ma, wanneer ek aan jou dink, proe ek ..........**

**Ma, wanneer ek aan jou dink, ruik ek ..........**

**Ma, ek........................**

(Sluit af met iets spesiaals wat jy vir jou ma sê.)

Jy mag natuurlik die 5 sintuie in enige volgorde noem.

*Geniet die skryf van jou eerste gedig - in Afrikaans - aan jou ma!*

| **KONTROLELYS: ONDERWYSERASSESSERING** 7.4. | | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Korrekte en interessante aanbeiding van 'n gedig. | | | | | | | |
| 2 | Suiwer Afrikaanse taalgebruik. | | | | | | | |
| 3 | Korrekte spelling. | | | | | | | |
| 4 | Goeie sinskonstruksie. | | | | | | | |
| 5 | Beeldryke taalgebruik. | | | | | | | |

## **Ma**

Ma, ek skryf vir jou 'n gedig
sonder fênsie leestekens
sonder woorde wat rym
sonder bywoorde
net sommer
'n kaalvoetgedig

want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met jou swart oë
en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand
vir jou Here God.
jou moesie-oor is my enigste telefoon
jou huis my enigste bybel
jou naam my enigste breekwater teen die lewe

ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.

**Antjie Krog**

**Uit Dogter van Jefta.**

## **Vrae**

1. Wat dink jy bedoel die spreker met die eerste strofe?
2. Gee een bewys waar jy dadelik kan sien die spreker bedoel wat gesê word!
3. Kies die korrekte woord: Die ma is oud/jonk.
   Gee 'n rede vir jou antwoord.
4. Wat beteken die woorde: "jy beitel (*chisel* ) my met jou swart oë en spits woorde" ?
5. Wat dink jy beteken die woorde: " jy offer my elke aand vir jou Here God' ?
6. Die noem van die moesie (*mole*) op haar ma se oor beteken:
   - sy dink haar ma is oud
   - sy het 'n baie spesiale verhouding met haar ma
   - dit lyk vir haar soos 'n telefoon teen haar ma se kop
     Watter een dink jy is die regte een?
7. Waarom sê sy dit is haar enigste telefoon?
8. Wat dink jy beteken die woorde: "jou huis my enigste bybel" ?
9. Verduidelik wat jý dink die slotstrofe bedoel.
10. Hoe, dink jy, sou die ma oor die gedig van haar dogter voel? (Beskryf dit in ten minste 10 woorde.)
11. Wat is volgens jou die grootste verskil tussen jou gedig aan jou ma en hierdie gedig van Antjie Krog?